

Dag 3: Ruil wat jy het vir vlermuise? (Jes 2:6-22)

KERNBOODSKAP:

Die kern van sonde is, dat die mens, die heerlijkheid en verhewe glansrykheid van die onsterflike God, verruil vir sy eie eer in geld, mag, afgode en mense.

Hoe wys hierdie gedeelte vir ons die kontras tussen die mens se eie eer in plaas van die eer van God?

1. Die land is vol eie eer, maar leeg (2:6-9)
 - a. Die land is vol voorspellers (2:6b)
 - b. Die land is vol silwer en goud (2:7a)
 - c. Die land is vol perde (2:7b)
 - d. Die land is vol afgode (2:8)
MAAR
 - e. God het die volk verlaat – hoe leeg is die land nie! (2:6a)
2. Hoogmoed: Die HERE alleen sal verhewe wees (2:10-17)
 - a. Hoogmoed word neergeslaan op die dag van die HERE (2:11,12,17)
 - b. Die HERE alleen sal verhewe wees op daardie dag (2:11c, 2:17c)
3. Afgode: Verruil hulle vir vlermuise vanweë sy verhewe glansrykheid
 - a. Wanneer die HERE opstaan op die dag (2:19d, 2:21d)
 - b. Sal sy verhewe glansrykheid duidelik sigbaar wees (2:19c, 2:21c)
 - c. dat mense uit vrees vir die HERE (2:19b, 2:21b)
 - d. in grotte en rotse sal gaan wegkruip en so hulle afgode vir rotte en vlermuise verruil (2:19a, 2:21a)
4. Die mens: 'n Enkele asem, en jy bekommer jou meer oor hom as vir God?
 - a. Die mens is net 'n enkele asemteug (2:22b)
 - b. Tog bekommer jy jou oor hulle – soek jy hulle eer? (s:22a)

SLOT

As God eendag verskyn, gaan jy alles wat jy het vir rotte en vlermuise moet verruil soos jy probeer wegkruip? Of gaan jy saam met die nasies voor Hom in aanbidding buig en Sy Naam eer?

*31 Of julle dan eet of drink of enigiets anders doen, doen alles tot eer van God.
(1 Kor 10:31)*